

VAN STAMVERWANTE BODEM

In *Elseviers Weekblad* is vermeld dat die Amsterdamse Rijksmuseum, wat voor 1940 jaarliks 250,000 besoekers getrek het in 1965 vir die eerste keer driekwart-miljoen oorskry het. In dieselfde uitgawe (21.10.1967) is melding gemaak van 'n nuwe studie van die hand van mev. T. Spaans-Van der Bijl oor koning Lodewyk Napoleon waaromtrent deur die kritikus Wim Zaal o.m. verklaar is „De kans op eerherstel voor onze enige koning die zelfs geen straatnaam heeft, is weer voor jaren verkeken.”

Met betrekking tot die 450ste verjaarsdag van die Reformasie is in die weekblad *The German Tribune* van 4.11.1967 met verwysing na 'n artikel in die *Süddeutsche Zeitung* o.m. verklaar dat die Kommunistiese waardebeplasing van Luther sedert 1960 verander het. Die Reformasie en die Boere-opstand word as 'n vroeë rewolusie van die proletariaat bestempel terwyl die Reformasie as die belangrikste massabeweging van voor 1918 beskryf word. Verder is o.m. verklaar: „The Marxist view of history, which considers history as the progress of class-conflicts and the interaction of economic, social, political and cultural forces, has been emphasised more strongly.” Uit hierdie sienswyse lei die skrywer van die artikel o.i. tereg die volgende uitspraak af: „Such a view obviously obscures the real significance of Luther and of the Reformation. Luther's personality is demeaned and his religious genius overlooked.”

In *Spiegel Historiaal* (Okt. 1967) bespreek dr. K. Blockx die vraag of Luther wel sy stellings op 31 Oktober 1517 aan die deur van die slotkerk op Wittenberg bevestig het. Hy wys daarop dat hierdie vraag reeds gedurende die afgelope tien jaar deur Duitse skrywers bespreek word en kom tot die gevolgtrekking dat hierdie besprekings volgens hom aangetoon het dat die historisiteit van die bekende „Thesenanschlag” twyfelagtig is.

Die sesdaagse oorlog tussen die Arabiese state en Israel (5 Junie 1967), die voor-geskiedenis en die onmiddellike gevolge daarvan, vorm 'n belangrike gedeelte van die inhoud van die *Kroniek van Afrika* (Leiden, 1967/3). Die eerste dag is ongeveer 75% van die gesamentlike lugmagte van Egipte, Jordanië, Sirië en Irak vernietig en toe die optrede van die landmagte tot die verlede behoort het, was die Egiptiese leër ongeveer 20,000 lede armer, terwyl Jordanië ruim 6,000, Sirië ongeveer 2,500 en Israel 676 man verloor het. In 'n afsonderlike bydrae (pp. 181-189) behandel J. van der Meulen die houding van 'n aantal Afrikastate m.b.t. die geskil.

In die jongste uitgawe van die *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 15, afl. 3) bespreek D. H. Couvée die nuwe opstelling van die afdeling Nederlandse geskiedenis t.o.v. die verlede soos dit na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het. Skrywers verklaar in hierdie verband o.m.: „Er is na de Tweede Wereldoorlog een grondig wantrouwen ontstaan tegen een beperkt nationalistisch uitzicht op het verleden. De belangstelling richt zich op de samenhang met de geschiedenis van andere volken, terwijl wie ter wille van zijn overtuiging of zijn standvastigheid geweld ondergaat, eerder als een held wordt gezien dan degene die met doodsverachting ook gewelddadig historische beslissingen heeft geforceerd.”

In dieselfde uitgawe beskrywe J. B. Kist die tydontstekingsmeganisme van Robert Fulton se harpoentorpedo soos aanwesig in die *Rijksmuseum*.

In die tydskrif *Schakels* (Den Haag, S65/NA 49) is, onder die titel *Defensie van Suriname en de Nederlandse Antillen*, die militêr-historiese ontwikkeling van die militêre organisasie in bogenoemde gebiede geskets. Vir vergelykende doeleindes ten opsigte van ons eie militêre verlede tydens die koloniale tydperk in ons geskiedenis, kom o.i. veral die bydrae oor Suriname in aanmerking.

'n Nederlandse vertaling van prof. C. R. Boxer se standaardwerk *The Dutch Seaborne Empire 1600-1800* het by die uitgewer A. W. Sijthoff (Leiden), onder die titel *Zeevarend Nederland en zijn wereldrijk 1600-1800* verskyn.

Onderwystoestande in die 19de eeuse België word belig in die bydrae *Jan Theodor Grein* wat, van die hand van H. J. van Daele, in die tydskrif *Antwerpen* (jg. 13, nr. 3) verskyn het.

Deur dr. J. Brandt-Van der Veen is die derde deel van die skriftelike nalatenskap van J. R. Thorbecke (tydperk 1825-1830) bewerk en deur die *Historisch Genootschap Utrecht* uitgegee (1967). Belangrik is veral Thorbecke se *Bijdrage tot eene vergelijking tusschen de Noordelijke en de Zuidelijke provincies van Nederland* (pp. 519-529).

By die uitgewersmaatskappy J. H. Kōk N.V., Kampen, Nederland, verskyn 'n nuwe reeks werkies oor uiteenlopende geskiedkundige onderwerpe onder die titel *Dichterbij*. Hierdie reeks is veral bedoel om 'n bydrae te lewer tot die vernuwing van die geskiedenisonderrig en word vir die hoogste klasse van middelbare skole en vir opleidingsinrigtings vir onderwysers aanbeveel. Die publikasies is ooreenkomstig die onlangs in Nederland ingevoerde nuwe eindeksamenvereistes vir die vak geskiedenis. Nadruk word in dié verband op selfstudie deur die kandidaat gelê en die nodige bronne m.b.t. agtergrondstudie word onder die opskrif *Wijze van studeren* vermeld. Daarna volg besonderhede aangaande die voorgeskiedenis van 'n onderwerp soos Karl Marx waarop ander onderdele soos Hegel en Marx, die historiese materialisme, die selfvervreemding van die mens, Marx en die godsdiens, rewolusie en klasse-stryd, Marx as 19de eeuer, en die Marxisme na Marx, aan die beurt kom (opgestel deur drs. H. G. Leih onder die titel *Marx*, pp. 30, met afb.).

In *Elseviers Weekblad* (Amsterdam, 15.7.1967) bespreek prof. dr. P. J. Bouman die nagelate werk van wyle prof. dr. Jan Romein wat onder die titel *Op het breukvlak van twee eeuwen* deur die uitgewers Brill en Querido uitgegee is.

Van die hand van prof. Willis Frederick Dunbar, hoogleraar in geskiedenis aan die *Western Michigan University* het die werk *Michigan: A History of the Wolverine State* by die uitgewersmaatskappy William B. Eerdmans, Grand Rapids, verskyn. Hierdie omvangryke studie van 800 bladsye bevat hoofstukke oor die sewentiende eeu (die koms van die blanke, die Franse ontdekkingsreisigers, die bouers van die Franse ryk, handelaars en missionarisse), die agtiende eeu (die stryd tussen Frankryk en Engeland, onder die Britse vlag, Michigan en die ou noordweste 1783-1805), oor die negentiende eeu (o.m. die opkoms van die boer, politieke en kulturele ontwikkeling, Michigan en die burgeroorlog) en 'n aantal hoofstukke oor die ontwikkelingsgang van die gebied en sy bewoners in ons eeu.

Onder die staatmakers van die 19de eeuse Michigan kan 'n aantal Nederlandse landverhuisers gereken word, waarvan die oudste groep onder *ds. Albertus van Raalte* tot vestiging naby die *Black River* oorgegaan en die stad Holland gestig het. In 1848 het 'n groep onder *ds. C. van der Meulen* gevolg (Zeeland), terwyl in 1850 nog 'n groep onder leiding van *Paulus den Bleyker* in Kalamazoo aangekom het.

Dr. J. Ploeger.